TYE VAN KRISIS

Dr Requier Wait, Hoof: Ekonomie en Handel

11 MEI 2020

Covid-19 het ons huidige konteks en die breër ekonomiese vooruitsigte drasties verander. Terwyl die krisis die wêreld verander het en verder sal verander, het ons reeds vantevore sodanige pandemies beleef. Met betrekking tot die beskrywings[1] van die Antonine-plaag van 165 CE, sal u verbaas wees oor die ooreenkomste met ons huidige situasie:

"Dit het begin in die Ooste. Ten minste, dit is wat die kundiges dink. Miskien kom dit van diere. Miskien was dit die Chinese. Miskien is die mensdom vervloek deur die gode.

Een ding is seker: Dit het versprei na die ooste, die weste, noorde en suide, oor grense heen, en daarna oseane, en het die aarde oorweldig. Die enigste ding wat vinniger as die besmetting versprei het was die vrees en gerugte. Mense was paniekbevange. Dokters was oorbluf. Regeringsamptenare het gesloer en gefaal. Reisplanne is uitgestel en roetes verander, of geheel en al gekanselleer. Feeste, samekomste, sportbyeenkomste – alles gekanselleer. Die ekonomie stort in duie."

Terwyl ons met reg bekommerd is weens die onsekerheid wat ons tans ervaar, sal dit goed wees om te onthou dat ons in die verlede pandemies oorleef het en dit weer sal oorleef. Ons sal graag hierdie blykbaar ongekende situasie wil beheer. Dit is egter beter om eerder te fokus op dáárdie dinge wat ons wel kan beheer.

Ons persepsies, ingesteldheid en houding is goeie voorbeelde van die aspekte wat ons kán beheer. Om kalm en gefokus te bly bied 'n beter fondament vir rasionele en feit-gebaseerde besluite, wat selfs belangriker is in hierdie tye van verhoogde onsekerheid.

In die lig van die uitdagings wat Covid-19 bied, kan openbare en privaatsektor-samewerking, tesame met 'n algemene fokus op solidariteit, ons help om deur hierdie moeilike tyd te kom. Navorsing het getoon dat besighede steeds kan groei gedurende 'n ekonomiese afswaai. 'n Langtermyn visie, tesame met voorbereiding en 'n groei-gesindheid, kan positiewe uitkomste ondersteun. Terwyl ons die huidige kort-termyn uitdagings bestuur, kan 'n strategiese toekomsgerigte ingesteldheid meewerk tot voordeel van die landbou, breër besigheidsektor en die land.

Terwyl Suid-Afrika gebuk gaan onder 'n nasionale inperking, kan boere steeds voedsel produseer en voedselsekerheid handhaaf. Die inperking-regulasies maak boerdery-aktiwiteite meer ingewikkeld. Dit is egter belangrik om te fokus op die bestuur van u bedrywighede en ondersteuning aan u werknemers gedurende hierdie tyd. Terselfdertyd moet u nie potensiële nuwe geleenthede miskyk nie en eerder beplan om u boerdery te posisioneer vir groei wanneer die ekonomie herstel.

Covid-19 se negatiewe impakte in terme van menselewens en ekonomiese koste kan nie geïgnoreer word nie. Deur ons perspektief egter te verander, kan ons hierdie nadelige gevolge benut om ons sterker en beter te posisioneer vir die toekoms.

[1] Ryan Holiday (2020): When the System Breaks Down, Leaders Stand Up.
Available online: https://dailystoic.com/marcus-aurelius-leadership-during-a-pandemic/

© Agri SA 2020

Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel

Die Sentrum van Uitnemendheid (SvU): Ekonomie en Handel ondersteun aktief, op verskeie fronte, die uitbreiding en volhoubaarheid van die landbousektor. In die geval van elektrisiteit, doen ons voorspraak ter versagting van elektrisiteit- en vastekoste tariefverhogings, terwyl ons ook goeie vordering gemaak het met die daarstelling van 'n meer gunstige bedeling vir hernubare energie in die landbousektor.

Die dieselterugbetalingstelsel is een van die min, indien nie die enigste vorm van ondersteuning vir Suid-Afrikaanse boere nie; daarom skakel ons voortdurend met die Suid Afrikaanse Inkomstediens (SAID) wanneer probleme ontstaan. Ons het ook omvattend kommentaar gelewer op die voorgestelde nuwe stelsel wat tans deur SAID en die Nasionale Tesourie beoog word. Dit sal opgevolg word met insette tot en deelname aan die beplande openbare konsultasiewerkswinkels.

Ons het ook 'n belangrike ondersteuningsrol gespeel in die sukses van Statistiek SA se onlangse Census of Commercial Agriculture (CoCA). Ons het 'n riglyn vir eiendomsbelasting ontwikkel wat tans opdateer word om boere te help met hul eiendomsbelasting en interaksies met hul munisipaliteite.

Die SvU se werk fokus op wat beste is vir die landbou, veral beleid wat 'n impak op boere se winsgewendheid het. Ons verbintenis tot die landbou rig ons daaglikse werk, naamlik om 'n diens aan ons boere te lewer.

© Agri SA 2020